Valke kry nuwe forensiese verslag oor Steinhoff.

Die Valke het die verslag van die ouditeursfirma PwC ontvang oor die bykomende forensiese ondersoek wat gedoen is na die beweerde bedrog by Steinhoff.

Die Valke hoop die bykomende inligting sal help in sy ondersoek na wie strafregtelik vervolg moet word.

Kol. Katlego Mogale, woordvoerder van die Valke, sê die verslag is ontvang en word bestudeer.

Dit sou aanvanklik in November en toe einde Maart ontvang word.

Lt.genl. Godfrey Lebeya, hoof van die Valke, het in Maart in die parlement gesê die verslag sal waarskynlik die name van meer getuies gee wat ondervra kan word.

Hy het gesê 220 verklarings is afgeneem en 33 buitelandse bankrekeninge is in die ondersoek geïdentfiseer in Duitsland, Oostenryk, Pole, Switserland, Frankryk, Australië en Brittanje.

Shamila Batohi, direkteur van die nasionale vervolgingsgesag, het na berig word gesê die bevindinge van die verslag sal ’n groot verskil maak om die ondersoek te laat vorder.

**Hierdie verslag is nie die een wat Steinhoff begin 2019 ontvang het wat steeds vertroulik is nie**. Dié vorige ondersoek is gedoen ten einde te bepaal wat nodig is om die finansiële state reg te stel en af te handel, terwyl die bykomende werk verband hou met wie vervolg kan word..........>

https://www.netwerk24.com/Sake/Maatskappye/valke-kry-nuwe-forensiese-verslag-oor-steinhoff-20210505



SQUIDEYE